

Skrifgedeelte: Deuteronomium 27:1-8

Fokusgedeelte: Deuteronomium 27:1-8

Die tydlose belofte wat in Christus vervul is

Die Hebreërs het 'n unieke begrip van tyd gehad wat vir ons vandag verlore gaan. Hulle het geglo daar is 'n *noue verhouding* tussen die huidige oomblik, die gebeure wat daartoe gelei het, en die gebeure wat nog in die toekoms lê.

As ons die teks deur hierdie lens verstaan en toepas, is die boodskap aangrypend. Moses gee vir die Israeliete opdrag om groot klippe op die berg Ebal op te rig, dit met kalk te bedek en die woorde van die wet daarop te skryf. Wat vir ons soos 'n eenvoudige daad lyk, is in werklikheid 'n verklaring van identiteit en 'n tasbare getuigenis van die vervulling van God se beloftes.

Die reis deur die woestyn kom nou tot 'n einde en die volk is op die oewer van die beloofde land. Wie hulle nou is, hulle identiteit, word bepaal deur God se verlossingsdade in die verlede. Nou staan hulle op die drumpel van vervulling van God se beloftes. Hulle kry 'n opdrag wat getuig van God se verlossing en getrouheid en hou vir hulle 'n toekomstige hoop in. Verlede is verlossing, identiteit in die hede en 'n hoopvolle toekoms.

Ons lewe as gelowiges moet op 'n soortgelyke manier geleef word. Ons moet reg wees om die plek van ons belofte in te gaan, ons staan as't ware op die drumpel van die ewigheid. Ons identiteit lê in Christus, wat ons deur sy dood en opstanding met God versoen het. In Christus is ons nuwe skepsels (2 Kor. 5:17), afgesonder vir sy heerlijkheid. Die wet van God is geskryf op ons harte, dit getuig van God se verlossing (Matt. 3:8). Ons is 'n afwagende volk wat aan die toekomshoop van God se beloftes vashou, beloftes wat vir ons in Christus "Ja" en "Amen" is (2 Kor.1:20).

Sing: Psalm 105-1:23, 24

Ds. MJ (Johan) Willemse (Vredenburg/ Saldanha)